

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 577

Die Heer, my herder, sorg vir my.
Hy laat my rustig wei;
langs waters waar daar vrede is,
sal Hy my veilig lei.

Die Heer gee my weer nuwe krag
en Hy sal met my gaan;
Hy lei my op die regte pad
tot ere van sy Naam.

Al lê daar donker dieptes voor,
tog hoef ek nie te vrees,
want U's by my, en in u hand
sal ek steeds veilig wees.

U maak my vir 'n fees gereed,
terwyl my vyand kyk.
U maak van my 'n eregas
U maak my lewe ryk.

Net goedheid, liefde, lewenslank,
Gee U, o Heer, vir my;
By U's ek tuis, en in u huis
sal ek vir ewig bly.

Woorddiens

Tema: Kruis woorde 2

Skriflesing: Johannes 19:26-27

Broodjies vir die pad

"If you want to identify me, ask me not where I live, or what I like to eat, or how I comb my hair, but ask me what I am living for, in detail, ask me what I think is keeping me from living fully for the thing I want to live for."

— Thomas Merton

"Here we are, practitioners of memos: We send e-mail and we receive it, We copy it and forward it and save it and delete it. We write to move the data, and organize the program, and keep people informed— and know and control and manage. We write and receive one-dimensional memos, that are, at best, clear and unambiguous. And then—in breathtaking ways—you summon us to song."

— Walter Brueggemann, Prayers for a Privileged People

"In our own contemporary context of the rat race of anxiety, the celebration of Sabbath is an act of both resistance and alternative. It is resistance because it is a visible insistence that our lives are not defined by the production and consumption of commodity goods."

— Walter Brueggemann, Sabbath as Resistance

Ellen Pakkies trotseer (weer) die verlede

AJ Opperman

Die regisseur Daryne Joshua wil met die fliëk *Ellen, die Ellen Pakkies storie*, die ware verhaal oor 'n ma se stryd met haar dwelmverslaafde seun, die sluier lig oor die omstandighede op die Kaapse Vlakte – dit waarvan die mense nie weet nie.

Dié rolprent met Jill Levenberg in die hoofrol word Vrydag uitgereik.

Pakkies het haar seun, Abie, wat aan dwelms verslaaf was, in 2007 vermoor en haar moordverhoor het in 2007 en 2008 plaasgevind.

Die rolprent, vervaardig deur Schalk-Willem Burger en Paulo Areal, vertel haar verhaal.

Die span was vir langer as 'n jaar met Pakkies in verbinding wat haar storie vertel het.

"Die afgelope sowat tien jaar is daar al soveel onderhoude met haar gevoer," sê Joshua. "Sy het die storie al so baie vertel. Die dele wat vir haar werklik erg was, waar sy baie emosioneel was, was met haar vertellings van Abie voordat hy aan dwelms verslaaf geraak het. Ook van haar eie kinderjare."

Die navorsing was 'n groot deel van die werk.

Sekere dialoog uit die hofsak is net so in die fliëk opgeneem.

"Uiteraard was die tyd, volume en teks so baie en omvangryk dat ons nie alles kon behou nie, maar ons het die essensie behou," sê Joshua.

"Daar is wel sekere dele wat woord vir woord net so gebruik is, soos die regter se uitspraak wat onder meer die woorde 'the system failed you' insluit."

Pakkies het die rolprent op 'n private geleentheid gesien.

Dit het haar langer geneem om die fliëk klaar te kyk as die ongeveer twee ure wat dit duur. Sekere tonele het haar ontstel.

"Ons wou weet of daar goed is wat ons liefs moet weglaat. Jy weet, daar is sensitiewe tonele. Sy het 'n hele paar keer gehuil, maar sy was baie tevrede met die aanbieding van die fliëk in geheel en ons het nie nodig gehad om iets te sny nie."

Sy was veral bly dat die rolprent ook die Abie wat sy geken het voordat hy by dwelms betrokke geraak het, insluit.

Joshua, wat vir ses jaar aan die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie rolprentkuns gedoseer het, se eerste rolprent, *Noem my skollie*, is in 2016 uitgereik.

Ook hiermee wou hy die lewe op die Kaapse Vlakte belig.

Dié rolprent was Suid-Afrika se inskrywing vir die 89ste Oscar-geleentheid in die VSA.

Dit is gegrond op die verhaal van 'n storieverteller wat die tronklewe in die 1960's beleef het, en sy verhale wat hy aan sy medegevangenes vertel het. Dit is die ware verhaal van die draaiboekskrywer John W. Fredericks en speel op die Kaapse Vlakte en in die Pollsmoor-tronk af.

"Albei hierdie stories het op vreemde maniere oor my pad gekom. Ek is nogal 'n spirituele mens, so ek het half gevoel ek is verplig om hierdie rolprente die lig te laat sien."

Joshua is nog nie seker oor sy derde rolprent nie. Daar is al 'n paar aanbiedinge en hy skryf aan 'n ding of twee.

Hy het vir albei die bogenoemde rolprente goeie terugvoering ontvang. “Maar mense het ook nou al gesê, vader asseblief, maak met jou derde fliek ’n komedie . . .”

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/ellen-pakkies-trotseer-weer-die-verlede-20180906>

“I simply believe that some part of the human Self or Soul is not subject to the laws of space and time.”

— Carl Jung

“While the church is indeed to stand under the authority of the biblical witness, it must avoid bibliolatry and read Scripture with sensitivity to its particular historical contexts and its diverse literary forms.”

— Daniel L. Migliore, Faith Seeking Understanding: An Introduction to Christian Theology

Brood vir die pad

Drumpels op weg na ons bestemming

Cas Wepener

In Mei sal die sesde algemene verkiesing sedert 1994 plaasvind. Met die eerste paar demokratiese verkiesings was metafore soos die nuwe Suid-Afrika en biskop Desmond Tutu se reënboognasie baie gewild. Dit het gehelp om te verduidelik dat ons midde-in ’n oorgang was.

Presies hoe so ’n oorgangstyd lyk, was egter nie duidelik nie. Dit was daarom ook nie toevallig nie dat die idee van ’n drumpelfase te midde van ’n oorgangstyd gewild geraak het. Het ons in hierdie verkiesingsjaar, ’n kwarteeu ná 1994, daardie oorgang gemaak en is ons ’n nuwe Suid-Afrika en reënboognasie?

Om die vraag te beantwoord kan dit dalk sinvol wees om oor die idee van ’n drumpelfase (ook genoem liminaliteit) in ’n oorgangstyd te dink. Die woord “liminaliteit” kom van die Latynse woord “limen”, wat drumpel be-teken. Mense in ’n drumpelfase is tussenin, op die drumpel, soos ’n seun wat inisiasie deurloop wat nie meer ’n seun is nie en ook nog nie ’n man nie. Die konsep was destyds handig om (sommige) mense te help met hul disoriëntasie ná apartheid, maar met die veronderstelling dat dit sal oorgaan.

Moeliker belewenisse in ons land wat in verband staan met byvoorbeeld ekonomiese ongelyk-hede en slegte rasseverhoudings laat mense dikwels steeds verwys na die idee van ’n (uitgerekte) oorgangstyd. Suid-Afrikaners moet vasbyt, die land is maar net nog op pad en sal nog arriveer.

Is die idee van die een of ander soort bestemming wat nog nie bereik is nie en deur die idee van ’n oorgangstyd en drumpelfase ver-onderstel word, hoegenaamd nog van waarde?

Bybelkenners kan dalk vermoed dat ons nog 15 jaar oor het voordat die oorgangstyd verby is, aangesien dit daardie simboliese 40 jaar neem sodat een generasie (wat baie mor omdat hulle wat vir hulle lekker vleispotte was, onthou) kan sterf voor ’n nuwe generasie die beloofde land kan binnegaan.

Sielkundiges kan dalk weer aan die hand van die fases van die sterwensproses voorstel dat Suid-Afrikaners in die 1990’s in ’n ontkeningsfase was, dat ons die fase van woede beleef het sodat ons weet dat ons nou in ’n tyd van onderhandeling sal ingaan (byvoorbeeld oor grond) voordat die depressiefase ons tref, om uiteindelik aanvaarding tegemoet te gaan.

Dan is daar natuurlik ook die postkoloniale denkers volgens wie die beloofde land nie sal verskyn en ons uit ons oorgangstyd sal tree alvorens die laaste kop en hart in hierdie land, in die

woorde van die Keniaanse denker Ngugi wa Thiong’o, grondig gedekoloniseer is nie.

Groet oorgangstyd nou

Die tradisionele manier van dink oor ’n oorgangstyd en die toepassing daarvan op Suid-Afrika veronderstel ’n liniêre beweging, amper iets soos ’n reis met ’n vaste begin- en eindpunt. 1994 was werklik ’n oorgang en hierdie denke was van groot waarde, maar dit lyk of hierdie manier van dink steeds met ons is. Daar is baie mense wat, soos die donkie op die perdekar in die fliek /Shrek/, voortdurend vra: “Are we there yet?” Ek dink ons moet die donkie stilmaak deur die idee van ’n drumpel te behou, maar dié van ’n oorgangstyd nou te groet.

Vanuit my baie beperkte (wit en bevoorregte) begripshorison, dink ek dinge is tans uiters kompleks. Wanneer ek aan die laaste kwarteeu dink, kom die beeld by my op van daardie reusetroppe springbokke wat in die verlede oor die vlaktes getrek het en hoe dit moes gelyk het wanneer hulle ’n rivier oorsteek. Party is al anderkant (sopnat en half verward), ’n klomp swem nog dat dit klap, ’n klomp wag nog om deur te gaan (hulle wil nie eintlik nie, maar volg die trop), en intussen vertrap sommige mekaar in die rivier. Tog hou ek nie van die beeld nie, veral omdat dit veronderstel dat ons nog nie het wat ons soek nie. Omhels veelheid van drumpels

Miskien is dit van meer waarde om te werk met die beeld dat ons inderdaad as land in ’n drumpelfase is, maar dat daar vele drumpels is. Ook dat verskillende mense en verskillende groepe op verskillende drumpels staan en dat dié wat vir ons in die toekoms wag, bes moontlik nóg drumpels is.

Miskien is, gegewe die groot verskeidenheid mense met hul uiteenlopende belewenisse wat saam in een land woon, ’n erkenning en waardering van die bestaan van baie drumpels tegelyk ook ons bestemming, ons beloofde land.

Dalk is ons toekoms die omhelsing van drumpelstatus en spesifiek die omhelsing van ’n veelheid van drumpels. Miskien is daardie nuwe Suid-Afrika ons beloofde land wat oorloop van melk en heuning, nie ’n stil land waar alles net ter wille van rus en vrede gedoen word nie, maar ’n raserige drumpelplek.

Die melk en die heuning proe ons reeds in daardie oomblikke wanneer ek erken my drumpel is maar net een drumpel tussen baie ander. Ek proe dit wanneer ek kans sien om op ander se drumpels te gaan staan en te sien hoe lyk die beloofde land vanaf hul drumpels. Ek proe dit wanneer ek ander nooi na my drumpel sodat hulle iets van my perspektief kan beleef. Dié gebeur klaar. Toegegee, dalk is mageu nie my idee van lekker melk nie, maar net so geval die smaak van my sojamelk ook nie almal nie.

Die spektrum van ons reënboog word wasig sigbaar wanneer mense aanvaar dat die drumpel inderdaad ons bestemming is. Dis belangrik om dit te omhels, want om aan te hou wag vir iets in die toekoms, kan verhoed dat ek dié raaksien wat reeds daar is.

* *Wepener is ’n skrywer en akademikus.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/drumpels-op-weg-na-ons-bestemming-20190308>

“A man should hear a little music, read a little poetry, and see a fine picture every day of his life, in order that worldly cares may not obliterate the sense of the beautiful which God has implanted in the human soul.”

— Johann Wolfgang von Goethe